Getuienis van Leon Strauss

Ek het in 2004 op skei gestaan en was meeste van die tyd moedeloos.
Vir 3 jaar was ek en my vrou van tafel en bed geskei, waarvan ek vir 6 maande op my eie gebly het.
Ek het volgens aardse wette geleef, en my laat voorskryf deur mense en aardse sieninge.

Ek het kerk toe gegaan, gebid en Bybel gelees, maar was nie seker oor waar ek staan met God en of ek Hemel toe gaan nie.... of hoe om sekerheid te kry nie. Ek het maar gedink hoe beter ek lewe, hoe beter is my kans om Hemel toe te gaan. Ek het nie verstaan dat my lewe hier op aarde ‘n veel dieper doel gehad het nie. Daar was nie juis sprake van om die evangelie te deel met ander nie.
Net aardse goed het my opgewonde gemaak. Stress het my moeg gemaak en die onsekerheid oor die toekoms was te veel. Ek het in myself getwyfel en was geen aanwins vir enige iemand.

Intussen het my vrou nooit opgehou om vir my en ons huwelik te bid en in te tree by die Here nie.

Aan die einde van die 3 jaar in 2007 was ons finaal voor die Prokureur en die papiere vir die skeisaak is gefinaliseer.

7 Dae na die besoek by die prokureur het die Here tot my deurgedring en het ek een middag ewe skielik net besef dat my lewe oppad is na nêrens, en as die Here my nie nou help nie, alles verby is.
Ek het toe die belangrikste besluit van my lewe geneem..... Om Jesus as my ENIGSTE Verlosser te erken, my lewe daadwerklik te verander en my lewe aan Hom toe te wy. Dit het beteken dat ek ‘n nuwe mens in Christus geword het en ook die gratis geskenk van die Ewige Lewe ontvang het!
Ek het my skeisaak teruggetrek, Jesus eerste in my lewe gestel, en volgens Sy wil begin lewe.

Daardie besluit het alles in my lewe verander! Ek was ook sommer seker van my plek in die Hemel saam met Jesus! Ek kon met sekerheid en entoesiasme getuig dat ek Sy kind is en Hy vir my wag.
Natuurlik moes ek nog steeds die aanslae van die duiwel trotseer, maar nou het ek geweet waar my krag vandaan kom, en dat ek nie die pad alleen hoef te stap nie. Ek het nie meer getwyfel in die toekoms nie. Ek kon nie wag om ander van Jesus se Liefde en Genade te vertel nie.
Ek het lewensvreugde gehad, gemoedsrus en was gelukkig.

My huwelik is ten volle herstel en my verhouding met my vrou en kinders is hegter as ooit!. In tye van nood kan ek werklik die Here se naam aanroep, en Hy kom net altyd tot my redding. Ek kan aan Hom vashou, Hy is my Koning, ek behoort aan Hom en ek hoef nie meer op mense of myself te vertrou nie.

Ek het besef dat ek die Here aan die begin net met gedeeltes van my lewe vertrou het, dat ek Hom geken het (van Hom geweet het) maar dat ek nie ‘n verhouding met Jesus Christus gehad het nie.
Om ‘n verhouding met Hom te hê beteken om jou alles (gedagtes, woorde, dade) met hom te deel!

Nou leer ek Hom daagliks beter ken in hierdie verhouding deur tyd in die Woord te spandeer en deel te wees van ‘n groep vriende (geloofsgemeenskap) wat Hom ook voluit dien. Ek is nie beter as enige iemand nie, ek is net anders..... Jesus het my anders laat dink, doen en optree deur Sy Gees wat in my woon.

Ek wil jou graag ‘n vraag vra: Is jy seker van jou verhouding met Jesus en of jy hemel toe gaan?